

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Majoro (240/2010) [2010] ZAFSHC 117 (12 August 2010) [2010] ZAFSHC 117

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Van der Merwe, R, C. J. Musi, R

CASE / FILE NUMBER

240/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak Nr.: 240/2010

In die hersiening van:

DIE STAAT

en

SEUN SAMUEL MAJORO

CORAM: VAN DER MERWE, R et C. J. MUSI, R

UITSPRAAK: VAN DER MERWE, R

GELEWER OP: 12 AUGUSTUS 2010

- [1] Die beskuldigde is skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal en is gevonnissen tot 30 maande gevangenisstraf waarvan 12 maande gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort is.
- [2] Die beskuldigde het op 26 Maart 2010 skuldig gepleit en is op dieselfde datum gevonnissen. Die verrigtinge van 26 Maart 2010 is meganies opgeneem. Dit blyk egter nou dat die meganiese opname nie getranskribeer kan word nie aangesien die betrokke kasset onklaar

geraak het. Dit blyk ook dat die verrigtinge nie gerekonstrueer kan word nie. Die landdros se aantekeninge is verwyder uit die koevert waarin dit geliasseer was en kan nie gevind word nie. Die landdros deel by navraag ook mee dat hy nie op grond van sy geheue die oorkonde kan rekonstrueer nie.

[3] Omdat die voordeel van outomatiese hersiening van sy saak vir die beskuldigde verlore gegaan het sonder skuld daartoe aan sy kant, moet die skuldigbevinding en vonnis na my oordeel ter syde gestel word.

[4] Gevolglik word die skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel.

C.H.G. VAN DER MERWE, R

Ek stem saam.

C. J. MUSI, R

/eb

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2010/117.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-majoro-unknown-topic-afshc-2010>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria